

Vuurpylballon

Opdrag:


Ontwerp, maak en evalueer 'n vuurpylmodel wat gemaak is met behulp van 'n ballon.

Benodighede:

1. 3 opgeblaaide ballonne – Klein ballon, medium ballon en groot ballon
2. Maatband
3. 4m Vislyn
4. Strooitjie
5. Wasgoedpennetjie
6. Kleeflint
7. 2 Punte om vislyn tussen te span

Stappe:

1. Blaas 3 verskillende grootte ballonne op: Klein, medium en groot. Maak die ballon toe met 'n wasgoedpennetjie sodat jy die wasgoedpennetjie kan oop knyp om die ballon te laat gaan.
2. Plak die kleeflint rondom 2 dele van die strooitjie en plak dit op die opgeblaaide ballon.
3. Trek die vislyn deur die strooitjie span dit styf tussen twee punte.
4. Laat die klein opgeblaaide ballon gaan en meet hoe vêr dit beweeg langs die vislyn met die maatband en skryf dit neer in die tabel.
5. Herhaal stap 3 met die medium en die groot ballon.
6. Teken 'n skets met byskrifte oor die afstand van die groot ballon en beantwoord die vrae op die werkkaart.



Vuurpylballon Resultate

Naam en van: _____ Datum: _____

Voltooi die tabel met die afstande wat jy gemeet het. (3)

Grootte ballon	Afstand gemeet
1. Klein ballon	
2. Medium ballon	
3. Groot ballon	

Beantwoord die volgende vrae oor jou resultate:

1. Watter grootte ballon het die kleinste afstand gegaan? (1)

2. Watter ballon het die verste afstand gegaan? (1)

3. Hoekom dink jy het die een grootte ballon verder as die ander grootte ballon gegaan? Wat beïnvloed die afstand? (2)

4. Het jou vuurpyl suksesvol gewerk? Wat kon jy verbeter het, gee 2 voorstelle. (3)

Skets vuurpylballon

Maak 'n skets van jou vuurpylballon van die groot ballon met byskrifte. Let op netheid.

Jy sal volgens 'n rubriek gemerk word. (5)



Totaal (Resultate + Skets vuurpylballon) = ___/15

Vuurpylballon - Antwoordstel

Voltooi die tabel met die afstande wat jy gemeet het.

Grootte ballon	Afstand gemeet
1. Klein ballon	
2. Medium ballon	
3. Groot ballon	

Leerder se eie afstande

Beantwoord die volgende vrae oor jou resultate:

1. Watter grootte ballon het die kleinste afstand gegaan?

Die klein ballon het die kleinste afstand gegaan.

2. Watter ballon het die verste afstand gegaan?

Die groot ballon het die verste gegaan.

3. Hoekom dink jy het die een grootte ballon verder as die ander grootte ballon gegaan? Wat beïnvloed die afstand?

Die groter ballon het verder gegaan omdat hy meer lug in het. Dit vat dus langer vir die groter ballon om af te blaas as die kleiner ballon, omdat hy meer lug as die kleiner ballon in het.

4. Het jou vuurpyl suksesvol gewerk? Wat kon jy verbeter het?


Leerder se eie evaluering van sy vuurpylballon. Punte word toegeken vir die volgende:

- Leerder moet sê of sy vuurpyl gewerk het of nie – 1 punt
- Leerder moet 2 voorstelle gee waar hy die vuurpyl kon verbeter het. – 2 punte.

Rubriek – Skets vuurpylballon

1. Leerder het 'n skets van die vuurpylballon gemaak.	3	
2. Byskrifte	1	
3. Netheid van skets.	1	
Totaal		/5

Die aarde en die son



Opdrag:

Maak 'n model van die aarde wat om die son wentel.

Vereistes van die model:

1. Jy mag enige materiale gebruik om jou model te bou.
2. Byskrifte.
3. Die model moet 3D wees.
4. Jy moet kreatief wees en jou model moet kleurvol wees.
5. Let op die netheid van jou model.

Jy sal volgens die volgende rubriek gemerk word:

Rubriek – Model		
4. Die model stel die aarde voor wat om die son wentel.	10	
5. Byskrifte: Aarde, son en wentelbaan. Elke byskrif = 1 punt	3	
6. Die model is 3D.	2	
7. Die model is kreatief en kleurvol. <ul style="list-style-type: none">• Kreatief - 1 punt.• Kleurvol – 1 punt.	2	
8. Netheid van model.	3	
	Totaal	/20


Navorsingstaak: Die sonnestelsel

Opdrag:

Doen navorsing oor die sonnestelsel en maak 'n navorsingstaak daaroor. Jou taak moet 2 bladsye lank wees en moet prente of sketse insluit.

Jy sal gemerk word volgens die volgende rubriek:

Rubriek – Navorsingstaak: Die sonnestelsel		
1. Die leerder het deeglike navorsing gedoen oor die sonnestelsel en die leerder se navorsing is korrek.	15	
2. Die leerder het prente of sketse gebruik in die taak.	2	
3. Nethed en algemene indruk van die taak.	2	
4. Die leerder se taak is 2 blaaie lank.	1	
Totaal		/20



Fases van die maan

Die Son se lig skyn op die oppervlak van die Maan.


OPDRAG: Ondersoek die veranderende vorm van lig op die Maan elke aand vir 'n maand en maak jou eie maankalender.

Vereistes vir jou maankalender:

1. Jou kalender moet die maand van Oktober wees.
2. Jy moet die verskillende mane op jou kalender teken.
3. Jy moet die name van VIER van die fases van die mane op jou kalender skryf.

Gebruik die kalender werkkaart wat jou onderwyser vir jou gee om jou kalender op te maak.

Kyk na die prent hieronder, dit stel die verskillende fases van die maan voor. Gebruik dit as hulpmiddel om jou kalender op te stel.



Oktober 2017

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

Rubriek – Maankalender		
1. Die leerder het die verskillende mane vir die verskillende fases geteken vir 'n hele maand lank.	10	
2. Die leerder het 4 van die fases van die mane korrek benoem.	8 (2 punte vir elke fase)	
3. Die leerder se kalender is netjies.	2	
Totaal		/20

Fases van die maan - Antwoordstel

September 2017		OKTOBER 2017					November 2017
Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag	
						1 	
2 	3 	4 	5  Volmaan	6 	7 	8 	
9 	10 	11 	12  3de Kwartier	13 	14 	15 	
16 	17 	18 	19  Nuwemaan	20 	21 	22 	
23 	24 	25 	26 	27  1ste kwartier	28 	29 	
30 	31 						